

GESOEK – GEDRA – GELIEFD

Jeremia 29:14 & Lukas 15:1-10

VERWELKOMING VAN DIE GROEP

Deel met mekaar 'n hoogtepunt in elkeen se lewe die afgelope week.

VERDIEP IN JUL VERHOUDING

Doen 'n rondte van die groep en laat elkeen deel hoe dit met hulle gaan.

VIER JULLE SAAMWEES

Laat iemand **Jeremia 29:14** hardop voorlees as herinnering aan God se getrouheid.

Vra iemand om hardop vir die samesyn van die groep te bid en dat elkeen ontvanklik mag wees om by mekaar te leer.

VERKEN DIE GESPREK

Gee geleentheid dat diegene wat die afgelope week se preek gekyk of geluister het met die groep deel wat vir hulle uitgestaan het.

Gesels lekker saam oor hierdie ysbreker-vraag:

- Deel met die groep 'n storie van iets wat jy onlangs **verloor** het. **Wat het jy gedoen om dit terug te vind?**

VERKRY GOD SE PERSPEKTIEF

Laat iemand in die groep **Lukas 15:1-10** hardop voorlees. Gee dan 'n paar oomblikke van stilte dat elkeen die Skrifgedeeltes weer vir hulself lees.

VERTEL VIR MEKAAR WAT JULLE OPVAL

Deel met mekaar wat vir julle in die teks uitstaan.

VORM MEKAAR MET JULLE PERSPEKTIEWE

Die drie gelykenisse wat Jesus in Lukas 15 oor verlorenheid vertel, gee elkeen 'n interessante invalshoek op God se karakter – Jesus is die Herder wat na Sy skape soek, die Gees is soos 'n vrou wat 'n lamp opsteek en soek na verlore nes en die Vader is die liefdevolle pa wat sy seun terug verwelkom.

- **Hoe pas hierdie karaktereienskappe van God vir jou in by die boodskap van die Bybel?**
- **Watter raakpunte is daar vir jou tussen God se karaktereienskappe in Lukas 15 en Sy uitspraak in Jeremia 29:14 – “Ek sal julle terugbring”?**

Vertel die groep – indien jy die vrymoedigheid het – van 'n tyd in jou lewe waar die Here jou teruggebring het uit 'n verlate plek (soos die skaap) of 'n stowwerige hoek (soos die muntstuk).

- **Hoe het dit jou verhouding met God verander?**

VERBIND JULLESELF TOT TOEPASSING

Elkeen in die groep mense rondom Jesus hoor die gelykenisse vanuit hul unieke oogpunt.

- **Watter een van die hoorders rondom Jesus staan vir jou uit – die tollenaars en sondaars of die Fariseërs?**

Jesus vertel die gelykenisse om uitdrukking te gee aan God se vreugde oor elke sondaar wat bekeer.

- **Wie is daar in jou kring vir wie jy bid dat hulle tot God bekeer?**
- **Het jy al die vreugde beleef van iemand wat hulle tot God bekeer?**

VERBLY JULLE IN DIE HERE

Sluit saam af met gebed. [Bid vir mekaar]